



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND
MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG,
06 NOVEMBER 2013 OM 10:00**

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W	Rangasamy, M
Goliath, M S I	Sneewe, A M
Hunsinger, C H H	Stanley, B J
Papers, C H	Van der Merwe, J I
Philander, D B	Van der Westhuizen, R F

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Snr Bestuurder: Tegnieuse Dienste, L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl A C Sedeman open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter, rdl M van Zyl.

Die voorsitter noem aan die vergadering dat die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, later sal aansluit.

2. NOTULES

**2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN
BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 09 OKTOBER 2013**

BESLUIT

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermings-
dienste) gehou op 09 Oktober 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

3.1 VOORLEGGING DEUR ASLA AANGAANDE GAP-BEHUISING

Mnr P Blaauw van Asla Devco bied agtergrondinligting oor die regering se FLISP-
program (*Financially Linked Subsidy Programme*) wat beskikbaar is vir persone in die
R3 500 tot R15 000 maandelikse inkomstekategorie. Om egter vir 'n subsidie in
aanmerking te kom, moet 'n aansoeker eers vir 'n verband kwalifiseer, wat talle
uitdagings teweeg bring.

Potensiële konsessies/

3.1/...

Potensiële konsessies wat die Raad kan oorweeg vir die praktiese implementering van die program word aan die hand gedoen ten einde soveel moontlik begunstigdes te kan werf en akkommodeer. In die Abbotsdale behuisingskema word 56 geleenthede ondersoek, terwyl daar in die toekoms ook op Malmesbury en Darling onderskeidelik 158 en 75 geleenthede geskep sal kan word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld dat daar reeds besluit is om geen grond- en kapitaalbydraes te verhaal onder die program nie, en is daar ook reeds standarde in plek rakende die verhaling van bouplan- en diensaansluitingstariewe. Die Raad sal egter moet besin oor of die volle pakket, dit wil sê 'n gedienste erf met woning, of slegs 'n gedienste erf beskikbaar gestel sal word. Insgeslyks sal daar besin moet word oor sekere dienstestandaarde, bv teer- of gruisstrate.

BESLUIT

Dat 'n verslag oor die aangeleentheid vir oorweging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word deur die Departement Ontwikkelingsdienste.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAG: JULIE, AUGUSTUS EN SEPTEMBER 2013

5.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

5.1.2 BESKERMINGSDIENSTE (7/2/2/2-3)

5.2 MAANDVERSLAE, SEPTEMBER 2013

5.1.1 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSAFDELING (7/1/2/2-3)

5.1.2 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

BESLUIT

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direkoraat Ontwikkelingsdienste en die Direkoraat Beskermingsdienste vir die maande van Julie, Augustus en September 2013, asook die maandverslag van onderskeidelik die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling en Brandbestrydingsdiens vir September 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE TYDELIKE AFWYKING OP ERF 89, YZERFONTEIN (15/3/4/Erf_89) (WYK 5)

Aansoek word gedoen ten einde die eienaar in staat te stel om 'n tuisnywerheid vanuit 'n gedeelte van die bestaande woning op erf 89 (groot ±36m²), Yzerfontein te kan bedryf. Die geregistreerde eienaar is J H Duckitt,

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

- (a) Dat die aansoek om afwyking op 'n gedeelte van erf 89, Yzerfontein afgekeur word weens die volgende redes:
- (i) die voorgestelde tuisnywerheid word geag as 'n winkel;
 - (ii) die voorgestelde afwyking is nie versoenbaar met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) van Swartland Munisipaliteit nie;

6.1/...

- (iii) voldoende besigheidseleenthede word in die ROR vir dié doeleindes geoogmerk;
 - (iv) die voorstel sal 'n negatiewe impak op die karakter van die omliggende enkelwoon-omgewing hê;
- (b) Dat die aansoeker op sy reg tot appèl gewys word ingevolge artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985, soos gewysig.

6.2 VOORGESTELDE STRAATNAME VIR ABBOTSDALE LAEKOSTE BEHUISINGS-PROJEK (16/5/6) (WYK 7)

Tydens 'n vergadering gehou op 08 Oktober 2013, het die Abbotsdale behuisingskomitee verskeie straatname voorgestel wat aan die strate geleë in die nuwe Abbotsdale Laekoste Behuisingsontwikkeling geallokeer moet word.

Dit is duidelik vanuit die voorstelle soos in die aanbeveling vervat dat die behuisingskomitee voel dat die tema van die straatname met die tema wat gebruik was in die vorige laekoste behuisingsprojekte ooreen moet stem.

Dit is ook duidelik vanuit die voorstel dat Violtjiesstraat, sowel as Roosmarynstraat direk uit die bestaande behuisingsprojek na die nuwe projek sal uitvloeï om sodoende moontlike verwarring uit te skakel.

Dit moet genoem word dat daar soortgelyke name binne 'n 5km radius van die betrokke ontwikkeling voorkom, maar dat dit slegs in Malmesbury geleë is. Daar behoort nie in die toekoms verwarring te kom met die voorgestelde name nie, siende dat mense steeds sal verwys na die twee verskillende dorpe.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die voorgestelde straatname soos volg goedgekeur word vir registrasie by die Kantoor van die Landmeter-Generaal:

1. Eikeboomstraat
2. Denneboomstraat
3. Wilgerboomstraat
4. Bloekombosstraat
5. Akkerboomstraat
6. Doringboomstraat
7. Palmboomstraat
8. Sonneblomstraat
9. Renonkelstraat
10. Asterstraat
11. Aandblomstraat
12. Tulpstraat
13. Jasmynstraat

6.3 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 3034, MALMESBURY (15/3/3-8/Erf_3034) (WYK 8)

Op 11 Desember 2008 het die Raad die voorgestelde hersonering van die betrokke eiendom vanaf enkelwoningsone na algemene woonsone ten einde 'n gastehuis te bedryf, goedgekeur. Volgens die applikant het die bedryf van die gastehuis die behoefte vir 'n konferensie- en onthaalfasiliteit na vore gebring en is die eienaars begerig om sodanige diens as deel van hul gastehuis te bedryf.

Aansoek word gevolglik namens die eienaars, mnr en mev Pieters gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 3034 (groot ±107m²), Malmesbury vanaf algemene woonsone na sakesone ten einde 'n konferensie- en onthaalfasiliteit te kan bedryf.

Die konferensie- en onthaalfasiliteit word reeds bedryf.

6.3/...

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

- (a) Dat die aansoek om hersonering van 'n gedeelte van erf 3034 (groot $\pm 107\text{m}^2$), Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word weens die volgende redes:
- (i) die voorgestelde sakegebruik is nie versoenbaar met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit soos van toepassing op Malmesbury nie;
 - (ii) die betrokke eiendom is nie geleë binne 'n plaaslike nodus of op 'n aktiwiteitskorridor, aktiwiteitsas of aktiwiteitstraat nie;
 - (iii) die voorgestelde sakegebruik is nie versoenbaar met die residensiële karakter van die lae tot medium digtheid residensiële omgewing nie;
 - (iv) gastehuse word akkommodeer in woongebiede weens die lae steuringspotensiaal daarvan. Gepaardgaande aktiwiteite/fasiliteite soos konferensie- en onthaalfasiliteite word toegelaat slegs vir inwonende gaste;
 - (v) konferensie- en onthaalfasiliteite vir nie-inwonende gaste word klassifiseer as suiwer besigheidsaktiwiteite wat moet vestig binne die sakekern van 'n dorp as gevolg van, onder andere, parkering vereistes, hoë steuringspotensiaal en die besigheidsure daarvan;
- (b) Dat die applikant op sy reg tot appèl ingevolge artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985, soos gewysig, gewys word.

6.4 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBUIK OP ERF 19, RIEBEEK KASTEEL (15/3/10-11/01) (WYK 12)

As gevolg van klagtes wat ontvang is dat troues plaasvind op erf 19, Riebeek Kasteel (bekend as Cafe Felix) het hierdie munisipaliteit 'n kennisgewing op die eienaar beteken gegewe die feit dat die perseel nie oor die korrekte grondgebruiksregte vir 'n vergaderplek beskik nie. Hierdie aansoek het dus ten doel om die korrekte grondgebruiksregte op erf 19 te verkry, ten einde sosiale funksies aan te bied.

Aansoek word gedoen vir 'n vergunningsgebruik op erf 19 ($\pm 166\text{m}^2$), geleë te Kerkstraat, Riebeek Kasteel vir 'n vergaderplek, ten einde sosiale funksies aan te bied.

AANBEVELING

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

- A Dat die aansoek om vergunningsgebruik op erf 19 (groot $\pm 166\text{m}^2$), geleë te Kerkstraat, Riebeek Kasteel ingevolge paragraaf 4.6 van die Artikel 8 Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n vergaderplek ten einde sosiale funksies aan te bied, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die totale oppervlakte van die vermaaklikheidsplek beperk word tot $\pm 166\text{m}^2$ (bestaande restaurant gebou en tuinarea);
- (b) dat die speel van musiek en dans beperk word tot die bestaande restaurant gebou;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar aansoek doen vir 'n handels- en vermaaklikheidslisensie by Swartland Munisipaliteit;
- (d) dat bouplanne voorgelê word aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging waarin aangedui word op watter wyse die restaurant gebou klankdig gemaak sal word, sodat die musiek wat gespeel word nie buite die grense van erf 19 hoorbaar is nie. Bouplanne moet ingedien word binne 'n tydperk van 30 dae na die datum van hierdie goedkeuring. Nadat bouplangoedkeuring verkry is moet die klankdigmaking van die gebou plaasvind binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum wat die bouplan goedgekeur is;

6.4(A1)/...

- (e) dat ten minste 4 op-perseel parkeerplekke voorsien word met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy van teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word. Hierdie parkeerplekke moet voorsien word binne 'n tydperk van 30 dae na die datum van hierdie goedkeuring. Indien dit nie fisies kan plaasvind nie, moet die eienaar/ontwikkelaar 'n finansiële bydrae tot die nie-voorsiening van parkering ooreenkomstig die voorskrifte aan hierdie munisipaliteit maak en word dit na die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer vir afhandeling;
- (f) dat die parkeerplekke in die padreserwe van Kerkstraat voorsien word volgens plan gemerk "M2". Hierdie parkeerplekke moet uitgemerk word in oorleg met die Departement van Vervoer en Openbare Werke binne 'n tydperk van 30 dae na die datum van hierdie goedkeuring;
- (g) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl ingelig word;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele rioolaansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat 'n sentrale sluitbare en wasbare vullisarea gebou word wat van lopende water voorsien word en aan die rioolstelsel gekoppel is, en welke area ook vir die vullisvragmotor toeganklik is, maar nie toeganklik vir ongewenste elemente (mens en dier);

A5 BESKERMINGSDIENSTE

- (a) dat die ontwikkelaar op eie onkoste veilige toegangsroetes skep na en van die betrokke ontwikkeling;

A6 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die betrokke fasiliteite;

A7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat 'n minimum van 4 op-perseel parkeerplekke voorsien word;
- (b) dat 'n ±12,5m lange gedeelte van die randsteen voor erf 19 voorsien sal word met 'n sperrandsteen langs Hoofpad 227. Die koste hiervan is vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) dat die beskikbaarheid van die bestaande parkering binne die padreserwe van Hoofpad 227 en aangrensend tot erf 19 in berekening geneem was met die bepaling van die voorsiening van parkering vir die gastehuis en restaurant.

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Stanley, B J
Cleophas, J H	Van der Merwe, J I
Fortuin C	Van Zyl, M
Goliath, M S I	Wilskut, W
Papers, C H	Zatu, N S
Rust, N J A	

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste, L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 11:03 'n aanvang.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 09 OKTOBER 2013

BESLUIT

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat die notule van 'n Portefuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 09 Oktober 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

3.1 VOORLEGGING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER AANGAANDE DIE OPGRADERING VAN PAAIE, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE OPGRADERING VAN DIE N7

Die voorlegging deur die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen vind plaas aan die einde van die portefuljekomiteesvergadering om geleentheid te gee dat verskeie amptenare, onder andere, afdelingshoofde, stadsbeplanners, en so meer by die vergadering kan aansluit.

Rdh T van Essen verwelkom alle raadslede en amptenare, en noem dat die inligtingsessie ten doel het om almal op hoogte te bring met ontwikkelings in en rondom Malmesbury, met gepaardgaande opgradering aan paaie.

Die invloed van die bevolkingsaanwas volgens die onderskeie sensusopnames, en die effek wat nuwe ontwikkelings op die inwonergetal van Malmesbury gaan hê word voorgehou. Dit bring mee dat die infrastruktuur, met spesifieke verwysing na die padnetwerk in en rondom Malmesbury, opgegradeer en aangepas sal moet word.

Voorstelle word voorgehou ten opsigte van die opgradering van die Bokomo-/Klipheuwel-kruising, die verbreding van die brug en die Rozenburg-/Klipheuwel-aansluiting, met spesifieke verwysing na die vestiging van die Weskus Kollege langs die Dieprivier en die moontlike vestiging van MacDonalds in die "ou U-Save" gebou.

3.1/...

Rdh T van Essen verduidelik die onderskeie opsies wat bestaan ten opsigte van die opgradering van die N7, met spesifieke verwysings na aansluitings met die ingange tot Malmesbury-Oos en -Wes, asook die ligging van onderskeie wisselaars op die N7.

Rdh T van Essen nooi teenwoordiges uit om enige kommentaar en voorstelle deur te gee.

VIR KENNISNAME.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAG: JULIE, AUGUSTUS EN SEPTEMBER 2013

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Julie, Augustus en September 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

**(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER**

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
 Voorsitter, rdl C H H Hunsinger [Finansies]
 Ondervoorsitter: rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cloete, C M	Humphreys, F S
Cox-Bruintjies, Y S	Rangasamy, M
Geel, B W	Sedeman, A C
Cleophas, J H	Stemele, O M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
 Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
 Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
 Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
 Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
 Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
 Snr Bestuurder: Tegniese Dienste, L D Zikmann
 Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. **OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID**
 [Die Munisipale Bestuurder sluit aan by die vergadering.]

Die vergadering neem om 11:08 'n aanvang.

2. **NOTULES**

- 2.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 09 OKTOBER 2013**

BESLUIT

(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 09 Oktober 2013 as korrek bekragtig word.

3. **AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS**

- 3.1 **SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND**

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

5. **GEDELEGEERDE SAKE**

- 5.1 **KWARTAALVERSLAE: JULIE, AUGUSTUS EN SEPTEMBER 2013**

- 5.1.1 **MUNISIPALE BESTUURDER (2/4/2)(7/1/2/2-7)**
 5.1.2 **KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)**
 5.1.3 **FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)**

Op 'n vraag/...

5.1/...

- Op 'n vraag van rdl C M Cloete rakende die spandering van LED-fondse –
- bevestig die Munisipale Bestuurder dat die betrokke fondse nie aan projekte self bestee word nie, en dat die betaling aan Agri Expert gedoen was vir die opstel van bestuursplanne ten behoeve van die kleinboere;
 - verwys die voorsitter, rdl C Hunsinger na bepaalde inisiatiewe wat tans op die tafel is in 'n poging om besigheids- en werksgeleenthede in die Swartland te stimuleer, synde – onder meer – die VPUU (*Violence Protection through Urban Upgrade*)-program, asook PACA (*Participatory Appraisal of Competitive Advantage*).

BESLUIT

(op voorstel van rdl C M Cloete, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direkoraat Korporatiewe Dienste en die Direkoraat Finansiële Dienste vir Julie, Augustus en September 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**6.1 KOMMENTAAR AAN SANRAL AANGAANDE DIE OPGRADERING VAN DIE N7, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE N7/BOKOMOWEG/DARLINGWEG KRUISSING (16/5/3/1)**

Tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 12 Junie 2013, was daar breedvoerig gerapporteer aangaande verskeie aspekte van die opgradering van die N7 en is voormelde besluit aan SANRAL en AECOM (konsultante) deurgegee wat SANRAL in posisie geplaas het om sekere administratiewe handelinge te volvoer.

Daar was intussen gesprekke met SANRAL, sowel as gesprekke met die Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke waar die N7/Bokomoweg kruising vanaf sewe opsies verminder is na drie opsies.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die voorlegging van die Uitvoerende Burgemeester aangaande die verwickelinge rondom die opgradering van die N7;
- (b) Dat SANRAL en AECOM in kennis gestel word van die interaksie wat die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder gehad het met geaffekteerde rolspelers op 24 Oktober 2013 met inbegrip van die volgende aanbeveling (aan SANRAL):
 - (i) dat opsie 3 op 'n konsensus basis aanvaar word as die voorkeur opsie onderhewig aan die volgende wysigings:
 - dat die afrit van Moorreesburg na Malmesbury (om by Bokomoweg aan te sluit), pleks van 'n weswaartse rigting van die bestaande pad oor die Plattekliprivier, eerder teen die N7 bly om in 'n suidoostelike rigting oor die Plattekliprivier te gaan, ten einde reguit aan te sluit by die bestaande aansluiting – na die Kaap (soos aangetoon op die aangehegte kaart A1 en A2);
 - dat Swartland Munisipaliteit namens Primabande, JB's Nissan en Built It, SANRAL en Provinsie versoek om die bestaande toegang na gemelde instansies te behou – dalk 'n beter geformaliseerde toegang – aangesien opsie 3, selfs beter is as die bestaande situasie.
- (c) Dat SANRAL en AECOM in kennis gestel word van die konsensus standpunt en dat hulle voorsien word van die kennisgewing, presensielys en aanbeveling van die interaksie van 24 Oktober 2013.